Maandag 27 April 2020

ALGEMENE BOEK

Begripsvrae Handbook p 77
no. b 1 tot 10

Doen die begripsvrae op jou eie. Gebruik daarna die memorandum om jou antwoorde te merk. MOENIE KUL NIE!

---

MEMORANDUM

1. Bankteller, kroepier, straatveër, sjef, kelner, sweefstokartieste, vensterwassers, tennisspeler, gimnas, musikant, danser, verkeersman, bloemis, kleuteronderwyser en worsmaker.

2. Dis die vermoë van spiere om sterker te word deur herhaling en dan dieselfde aksie al beter en beter kan uitvoer. Dis asof die spiere die aksie onthou.

3. Dobbelaars

4. Sy is nie iemand wat hou van kosmaak nie.
   "My kombuis-fobiese vingers."

5. "oëskynlik patetiese kontrepsie"

6. *"Die danser laat dit lyk of Newton se swaartekragwet net 'n mite is."*
   a) Die danser kan in die lug bly asof swaartekrag nie 'n uitwerking het nie.

7. "matelose"

8. Die skrywer het gedink om 'n worskoning te wees, vereis nie besondere vaardigheid nie. Dus behoort so iemand volgens die skrywer nie bekroon te word of erkenning te kry nie.

9. Mense wat regtig talentvol en suksesvol is, loop nie en spog oor hulleself nie. Hulle is nederig.

10. Soek na die talente wat mense om jou het.